5 MAART 2021

DRAKIENUUS

SKOOLHOOF:
Mev. E. Neethling (waarnemend)

KANTOOR:
Mev E van der Westhuizen –
FINANSIES & KLEREBANK

Mev E van der Bank –
LEERDERADMINISTRASIE

Me N Heugh -
ALEGEMENE NAVRAE

Tel: 021-872 4975
Epos:
admin@laerskooldrakenstein.coza
Web: www.laerskooldrakenstein.co.za

BANKBESONDERHEDE

Nedbank: 1470052504

Takkode: 147005

Naam van Rekening: Laerskool Drakenstein

Kind se naam, van en graad as verwysing
asseblief

UIT DIE KANTOOR

Die wiel is aan die rol. Die kwartaal is al 3 weke aan die gang. Akademie, sowel as die sportoefeninge is goed aan die gang.

OUERAANDE

Die oueraande is almal ook verby. Dit het goed afgeloop. Baie dankie aan al die ouers wat die vergaderings bygewoon het. Klasverteenwoordigers het al “WhatsApp”- groepe gestig. Ek wil dit net onder u aandag bring dat die groepe slegs gestig is om inligting deur te gee. Groepies is dus slegs vir skoolverwante sake wat op die klas van toepassing is. Daar is ouers wat vrae vra op die groepies, terwyl die inligting alreeds op die huiswerkbladsye en in die Drakienuus deurgegee is. Dit is u plig as ouer om die huiswerkblad te bestudeer, sowel as die Drakienuus. Onderwysers is aangesê om alle groepies te verwyder, indien ouers nie by die basiese reëls hou nie. Geen advertensies word op die groepies deurgegee nie.

WAARDES

Om ‘n waardegedrewe skool te wees, het ons ouers nodig wat self waardes uitleef. Leer u kind om te groet, om dankie en asseblief te sê. Leer hulle om te luister as ander praat en ook om self beskaaf en met die nodige respek te praat. Leer hulle om vir die natuur om te gee deurdat hulle vullis in asdromme sal gooi. Die voorbeeld leer hulle by u in u optrede.

SBL VERKIESING

Kennisgewing: Verkiesing van die nuwe SBL vind plaas op Woensdag, 24 Maart 2021. Ons wil regtig ‘n versoek rig aan ouers om op 24 Maart te kom stem. Ons kan slegs voortgaan met die proses indien ons ‘n kworum het. Kom ons vermy enige ekstra reëlings en uitstelling van SBL verkiesing. Dit sal sleg 5 minute van u tyd inbeslag neem om te kom stem. Ons het al heelwat genomineerde aansoeke ingekry.
KOM TREK U KRUISIE!

AANSOEK OM VRYSTELLING

Die Vrystelling van skoolgelde se vergadering vind plaas op Dinsdag, 9 Maart 2021.

LIEF EN LEED

Baie geluk juffrou Soekie met jou verjaarsdag Woensdag, 10 Maart. Hoop jy word lekker bederf!

VERJAARSDAE

Baie geluk aan ons maatjies wat verjaar!

8 Maart	Yuri Lawrence, Sydney Liedeman, Liam Andrews en Carlisle King
9 Maart	Jade September, Jayden September
10 Maart	Jenna Esterhuizen, Sylar Hankey
11 Maart	Auden Valentyn

Waardes 2021

Omgee

OMGEE IS EEN VAN DIE BELANGRIKSTE PRAKTYKE IN ONS ALLEDAAGSE LEWE EN KAN DIE WÊRELD SE VERSKIL MAAK. HOE LYK OMGEE? HOE KAN ONS OMGEE VIR ANDER?

OMGEE BEGIN MET DIE KLEIN GOEDJIES. 'N GLIMLAG, 'N VRIENDELIKE GROET OF OM IEMAND TE BEMOEDIG. OOK OM TE LUISTER AL HET JY NIE NOODWENDIG RAAD NIE. DIE BLOTE ERKENNING AAN IEMAND DAT HULLE GEVOELENS SAAK MAAK IS OMGEE OP SY BESTE.

KOM ONS PROBEER DEUR DIE "KLEIN" GOEDJIES OMGEE UITLEEF ELKE DAG!

INTERSENFASE

Ons is al klaar met die derde week van skool die jaar. Ons kinders is almal goed ingeskakel en dinge gaan rustig voort.

Daar is kinders wat pragtig saamwerk, maar ook 'n paar wat al klaar lyf wegsteek.

Ons oueraande die week het goed afgeloop. Baie dankie vir almal wat dit bygewoon het.

Ons onderwysers werk ook baie hard. Dankie vir die moeite wat julle doen. Ek glo die kinders waardeer u moeite.

BELANGRIKE DATUMS

MA 8 MRT	
DI 9 MRT	Inligtingsaand Vrystellings 18:00
WO 10 MRT	Sluitingsdatum vir SBL verkiesingsnominasies
DO 11 MRT	
VR 12 MRT	Snoepie

SPORTNUUS

Dankie aan elke Drakie wat hierdie week kom oefen het. Ons moedig steeds alle Drakies aan om aan een winter- en een somersport deel te neem. Op hierdie stadium kan daar steeds nie wedstryde gespeel word nie. Ons wag nog vir nuwe skrywes vanaf die departement na die aankondiging dat ons na vlak 1 geskuif het. Oefeninge gaan voort soos op sportrooster.

- Mnr Rian Rautenbach

INDIVIDUELE FOTOS

Die leerders sal Maandag 'n koevert ontvang met 'n voorbeeld van hulle individuele foto. Op die koevert is ook 'n lys van al die moontlike bestellings wat geplaas kan word.
Die bestellings moet so gou as moontlik na die skool gestuur word. Hou volgende week se drakienuus dop vir sluitingsdatum van die fotobestellings.
Indien u die foto wil bestel:

- Plaas die **korrekte** bedrag in die koevert (geen kleingeld word gegee nie)
- Merk voor op die koevert presies wat u bestel het.
- Stuur dit na die klasonderwyser wat dit op die klaslys sal afmerk.

Ons vra asseblief dat u seker maak dat u kind se naam korrek op die koevert gespel is. Enige veranderings kan op die koevert gemaak word, sodat Prestige dit kan sien wanneer hulle die koeverte ontvang.

NASORG

Aansoekvorms vir nasorg vir 2021 is beskikbaar by tannie Hannepie Smit.
082 403 4171
nasorg@laerskooldrakenstein.co.za

grondslagfase

Ons besef daar gaan op hierdie stadium baie korrespondensie huis toe. Baie dankie aan almal wat elke keer so vinnig reageer en die briewe dadelik weer terug stuur.
In die klasse word daar baie hard gewerk en is almal hard besig met informele assessering. Moet asseblief nie u kind onnodig by die huis hou nie.

- Juf Soekie